

1 April Efesiërs 5:6-20; Markus 15:21-32, (Teks: 15:27)

So naby en tog so oneindig ver...

As daar ooit 'n plek was waar die liefde van Jesus Christus geskitter het, was dit Golgota. Hy bid vir dié wat Hom kruisig. Hy reik met verrassende barmhartigheid uit na een van sy medegekruisigdes. Hy het in die grootste smart nog tyd om aan die versorging van sy moeder te dink. Maar teenoor die ander medegekruisigde swyg die Here - en dit 'n ontsettende SWYE!

Dié man dryf die spot met Jesus tot op die laaste - sonder enige inkeer. God straf op aarde alle mense met soveel felheid. "Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die Gees van genade beledig het?... Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val" (Hebr. 10:29,31). Is dit nie ironies nie? Christus, die Middelaar, betaal vir die sonde van die mensheid, maar langs Hom hang die moordenaar wat verlore gaan. Hy hoor alles en sien alles wat sy geredde makker ervaar het. En tog is daar geen berou, geen sielsverandering en geen vryspraak nie. Ja, die toorn van God oor die sonde is 'n ontsettende werklikheid. Daar is selfs baie kerkmense wat nie die genade van God ontvang nie - mense wat so naby maar tog ook so ontsettend véer is. Daarom kan ons baie goed begryp waarom die Bybel so dringend waarsku: "Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig". Is jy wakker? Verlig Christus jou lewe?

Sing: Psalm 9:12,13,14

Ds. A.P.C. Duvenage (Bultfontein)